# AFRIKAANS AS A SECOND LANGUAGE

**6108**
**Paper 1**

**Algemene opmerkings**

Baie dankie aan al die taalonderwysers, wat ten spyte van 'n moeilike jaar, hulle insette gelewer het, om hul kandidate op standaard te kry. Daar was tog 'n verbetering te bespeur in die taalgebruik en taalversorging hierdie jaar. Die formaat van die skryfstukke het in sommige gevalle nog afronding nodig.

In verlede jaar se verslag het ons die onderwysers versoek om hul kandidate te waarsku teen die gebruik van krutaal, want dit is ontoelaatbaar en hul kan gepenaliseer word. Ongelukkig was daar hierdie jaar wéér kandidate van sommige sentrums, wat hul skuldig gemaak het aan banale taal. Dis u plig as taalonderwyser om seker te maak dat u kandidate standaardtaal in 'n vraestel moet gebruik. Al gaan dit hoe druk, dit is ons, as onderwysers se plig, om ons leerders goed toe te rus met woordeskat en die vereiste vaardighede in te oefen.

Alle onderwysers moet elke jaar moeite doen om die verslag deeglik te bestudeer. Sodoende kan u nabetragting doen oor u kandidate se uitslae en sien hoe u kan verbeter op die oordra van vaardighede aan u leerders. U word weer eens daarop attent gemaak om u sillabus te ken, asook die formaat van die vraestel. Elke taak moet die verskillende vlakke van moeilikheidsgraad insluit.

Dit wil voorkom asof die leesstukke, in teenstelling met sommige onderwysers se kommentaar, tog toeganklik vir die kandidate was. Dit het geblyk uit hul antwoorde.

Die opsomming in **notavorm** is 'n kernaantekening. Dit moet kort en kragtig en sinvol wees. Dit hoef nie 'n volsin te wees nie. Ongelukkig kon sommige kandidate net die feite raaksien en net so oorskryf, met foute. Gevolglik pas die antwoord nie op die reël in nie, want dit is nie in notavorm nie. Hierdie vaardigheid kort dus nog baie oefening.

Die begeleide skryfstuk, naamlik die brief, is deurgaans goed beantwoord. In enkele gevalle is slegs twee prikkels gebruik. Paragrafering, vormfoute en swak punktuasie het weer kop uitgesteek. Die langer skryfstukke is ook goed hanteer, veral die argumenterende opstel. Daar was ook baie goeie beskrywende opstelle. Baie kandidate het egter met die verhalende opstel "gelukkige" verwar met 'n geluk.

**AFDELING A: LEES**

**Taak 1: 1 – 9**

**Vr. 1:** Baie goed beantwoord.

**Vr. 2:** is redelik goed beantwoord.

**Vr. 3:** Die meeste kandidate kon die vraag korrek beantwoord, maar sommige het die "vooraf" uitgelaat.

**Vr. 4:** Die vraag is swak beantwoord, want daar moes 'n afleiding gemaak word dat dit goedkoper is as ander akkommodasie. Baie kandidate het vrae 4 en 5 se antwoorde omgeruil.

**Vr. 5:** Dié vraag is gemiddeld tot swak beantwoord. Die antwoord staan in die leesstuk dat "akkommodasie moet maande voor die tyd bespreek word".

Alle kandidate kon nie die verband lê met "gewild" nie.

**Vr 6:** Die meerderheid kon die vraag reg beantwoord: Valskerm spring uit 'n vliegtuig of skermsweef". Daar was tog diegene wat nie kon insien dat "kayak ry", niks met hoogte te doen het nie.

**Vr. 7:** Sowat 50% het “pragtige uitsig” geskryf, maar ander het die hele vraag by hulle antwoorde ingesluit.

**Vr. 8:** Baie kandidate het duidelik nie die vraag gelees nie en al die plekke opgenoem wat toeriste kan besoek.

Langstrand en Dolfynstrand is as twee antwoorde gegee, maar net een van genoemde of strand + akwarium, is die antwoord.

**Vr. 9:** Enkele kandidate het die vraag reg beantwoord. Daar was meestal halwe sinne. Die woord “voordeel” was waarskynlik die struikelblok.

**Taak 2: Vrae 10 – 18**

Hierdie taak is baie goed beantwoord.

**Taak 3: Vraag 19**

Die opsomming in aantekeningvorm/notavorm is nog nie heeltemal bemeester nie.
Gevolglik het punte van goed tot baie swak gewissel.
Daar moet slegs een **feit/nota** per reël geskryf word, maar kandidate las met en ’n tweede feit/nota by.
Kandidate skryf op die reël, anderkant die reël en prop inligting in volsinne in.
Onthou dis ’n **kernaantekening**.

By (a) het hulle geskryf “troeteldiere aan vroue verkoop”, i.p.v. “rotte as troeteldiere aan ryk vroue verkoop”

**(b) Hoe rotte se sintuie help om hulle veilig te hou**

Kandidate het net gelees tot by sintuie en dit neergeskryf. Gevolglik ’n halwe feit. Hoe die sintuie hulle veilig hou, is uitgelaat.

**(c) Funksies van rotte se sterte**

Kandidate begin met “die funksie van rotte se sterte is ...” Gevolglik pas die antwoord nie in op die reël nie. Hierdie is ’n vaardigheid wat baie oefening verg. Woordeskat en veral die verkorting van omskrywings is belangrik.

**Taak 4:**

Kandidate het hierdie vraag relatief goed beantwoord en kon onderskei tussen die korrekte antwoord en die afleier.

**AFDELING 2**

**Taak 5: Begeleide skryfwerk**

Die meeste kandidate kon hierdie taak suksesvol beantwoord. Dit wil voorkom of sommige kandidate nie geweet het wat ’n fliek is nie. Ander het van die opdrag af “fliek” verander na vliek of “movie”. Enkele kandidate het hulle eie idees bygevoeg en nie net die prikkels gebruik het nie. Ander het weer net twee prikkels gebruik. Dit blyk ook dat kandidate nie die verskil ken tussen storielyn en boodskap nie. Terminologie wat reeds in Graad 8 en 9 gedoen word.

**Taak 6:**

**(a)** Die verhalende opstel

Sommige kandidate het ’n lang aanloop gevat en drie paragrawe irrelevante inligting gegee en dan ’n slotsinnetjie oor ’n gelukkige oomblik.

Ander het van ’n klomp oomblikke vertel. Daar was selfs wat oor ongelukke geskryf het.

Daar was ook verwarring by sommige oor ’n geluk (luck) teenoor “gelukkige”, die byvoeglike naamwoord.

**(b)** Dit wil voorkom of sommige kandidate nie weet wat “tipiese” beteken nie en dan oor verskillende pouses skryf.

Daar was wel ongelooflike goeie beskrywings van hoe pouse verloop.

**(c)** Die argumenterende opstel is goed hanteer deur sommige en swak deur ander. Sommige kandidate was in die kol met die argumente, maar ander het net op een aspek gekonsentreer. In sommige gevalle is daar ook nie standpunt ingeneem nie.

Voorspoed vir 2022!